STILET
Volume 37(1/2)
2025 ISSN: 1013-4573
RESENSIES

# *Ek en jy bestaan nie* van Danie Marais

Tafelberg

2024

Resensent: Karin van Marle (Universiteit van Wes-Kaapland)

ORCiD: https://orcid.org/0000-0002-7798-0962




Teen die tyd wat ek begin werk het aan hierdie refleksie op (eerder as resensie van) Danie Marais se vierde digbundel het daar al vele resensies (in die ware sin van die woord) die lig gesien, geskryf deur gerespekteerde akademici en resensente geskool in die Afrikaanse Letterkunde. Ek is dosent in Regsleer/ Regsfilosofie en vir die afgelope drie dekades bemoeid met vrae rondom die (on) moontlikhede van transformasie, versoening en saamleef, die verhouding tussen die rol van die reg/ regsdiskoers en hierdie (on)moontlikhede, die strewe na geregtigheid, asook die verwikkeling tussen gender, klas en ras (interseksionaliteit). Ek is soos Danie Marais, ʼn generation x-er, en vind aanklank by die temas wat hy aanspreek, sy wroeging met kwessies rondom ras, klas en die verlede, en veral die ewige voortduur van historiese ongeregtigheid. As regsgeleerde word ek bykans daagliks gekonfronteer met debatte en gesprekke aangaande die reg, grondwetlikheid en die Grondwet en hoe dit wit bevoorregting en wit mag instandhou, indien nie ook daagliks skep en herskep nie. Marais se bundel handel nie oor die Grondwet nie, maar sy struweling met bestaan, en spesifiek wit bestaan; ras; klas; armoede; en voorstedelikheid hou verband met die kritiek teen en oproepe dat die Grondwet gewysig of verwerp moet word. Ek werk nog altyd tussen-in dissiplines, en steun op estetika, letterkunde, poësie, kuns en uit die aard van die saak, regsleer wanneer ek genoemde kwessies bedink.

STILET
Volume 37(1/2)
2025 ISSN: 1013-4573

Ek fokus hier hoofsaaklik op die temas van voorstedelikheid, bevoorregting en bestaan wat Marais aanspreek. Die voorstedelike huis geniet ʼn sentrale plek in die bundel, nie net in die gedigte nie. Reeds wanneer Marais die bundel opdra aan sy vrou en kinders verwys hy na ‘ons klinkersteenhuis uit 1980.’ Maar, selfs nog voor mens die bundel oopmaak is die voorblad ʼn illustrasie deur Anton Kannemeyer van ʼn ware voorstedelike patio met tuinmeubels, groen plante en boom en weber. Die titelblad is ʼn skets van nog ʼn tipies voorstedelike toneel – ʼn goed versorgde kat, die troeteldier wat wit middelklasbestaan so goed simboliseer. Die agterblad herinner my ʼn bietjie aan die Netflix-reeks, *Stranger Things*, waar die konvensionele daaglikse bestaan van bewoners van ʼn dorpie iewers in die VSA letterlik op sy kop gekeer word deur ʼn eksperiment in die tyd van die koue oorlog wat skeef loop. Die illustrasie op die agterblad wys die einste voorstedelike huis op sy kop gekeer met ʼn manlike figuur wat van bo, of is dit van onder (?) sweef. ʼn Aanhaling uit die bundel wat die illustrasie vergesel is

> die Geskiedenis se medelye hou op
>
> waar die suburbs begin.

Daar is verskeie verwysings na voorstedelikheid en die mate wat dit met witheid en wit bevoorregting gepaard gaan in die bundel. Sarah Heinz (2022:258) besin oor die verbintenis tussen witheid, eiendom en die vraag, wat ʼn tuiste (“home”) behels. Sy toon aan hoe mense se verbeelding aangaande wat ʼn tuiste behels ʼn ‘materialisering van wit bevoorregting, klassisme, seksisme en rassisme’ asook van ʼn sekere nostalgie is. Juis die tipiese familiehuis is dikwels ʼn ideale speelvlak vir witheid (Heinz, 2022:259). Heinz argumenteer dat witheid iets is wat ‘gedoen’ word, dit is ʼn performatief en het geen essensiële of biologiese identiteit nie. Witheid word beskryf as “a structural advantage, a ‘standpoint’, as well as a ‘set of cultural practices that are usually unmarked and unnamed’” (Heinz, 2022:259). Die idee van ʼn tuiste roep dikwels gevoelens van warmte, veiligheid en gemak op. Alles affekte wat teenstrydig is met die materiële ervaring van diegene wat uitgesluit is van die bevoorregting wat hier ter sprake is. Interessant hoe die idee van wat ʼn ware tuiste is gepaard gaan met ʼn sekere normalisering en biopolitiek. Marais se gebruik van Kannemeyer se huiskat, patio, weber wat die refrein van ‘braaivleis, rugby, sonneskyn en chevrolet’ oproep speel in op hierdie normalisering. Die onsekerheid waarop hierdie vertoning van witheid en wit voorstedelikheid berus is egter alomteenwoordig. Clingman (2020) merk ook op hoe die ongeregtigheid van die verlede spook in die onderbewussyn van wit Suid-Afrikaners. Marais verwoord dit soos volg (105):

> hier
>
> spook die Geskiedenis nog
>
> helder oordag

Heinz (2022) voer aan dat hierdie onsekerheid die aanhoudende strewe na tuisteskepping en ‘doen dit self’ projekte verklaar. Omdat die tuiste ook ʼn spasie vir selfaktualisering skep,

is die verbetering van die huis as't ware integraal tot die verbetering van die self, en van wit subjektiwiteit.

Marais se benadering en ervaring van die voorstedelike lewe is ambivalent. Hy is deeglik bewus van die uitsluiting en daardeur die voortsetting van jare en jare se onreg en ongeregtigheid (sien byvoorbeeld "Van skuld en skaamte" en "Die Verdagte"). Terselfdertyd is hy eerlik oor die veiligheid en standvastigheid wat hierdie einste voorstedelikheid hom bied (87):

> Ek is seker daai hipster is ook mal oor The National
>
> En hy weier ook om toe te gee
>
> In die suburbs het hy 'n stukkie hemel gesmaak
>
> Wat hy eendag aan sy kinders wil bemaak

Samantha Vice (2022:317) vra hoe dit moontlik is om 'n moreel aanvaarbare lewe te kan lei in 'n wêreld wat sistemies en hardnekkig ongeregtig is? Ek dink dit is 'n vraag waarmee Marais (soos Krog (2000) in *Begging to be black*) worstel. Sy beskou ras nie as toevallig nie, maar as iets wat morele relevansie het en ook 'n vestiging van identiteit behels (Vice, 2022:317). Vice se spesifieke vraag is "How is a racially privileged person to retain self-respect and integrity in conditions of systemic injustice?" (Vice, 2022:317).

Marais spreek die tema van witheid in verskeie gedigte aan. "Die Paneel" herroep 'n spesifieke gebeurtenis waar 'n jong bruin digter kapsie gemaak het teenoor Marais wat as wit digter as gespreksleier opgetree het tydens 'n paneelbespreking. Marais is hier deeglik bewus van sy posisie as wit man en merk op: "Wit trane is net sout in ou wonde" (103). In die gedig wat volg op "Die Paneel", "Tussen my en jou, Tony, en eeue van sneeuwit" haal hy aan (108):

> ek het gedink ek skryf oor meer as dit
>
> …
>
> Maar mettertyd begin jy vrees dat wit
>
> is al wat jy ooit sal wees

waarop Marais reageer

> Hoe kon ons dink ons was meer
>
> as wit skrywers

Om oor hierdie vraag te besin, moet mens volgens Vice (2022:317-318) eerstens saamstem oor die bestaan van strukturele ongeregtigheid; tweedens dat bevoorregting nie onskuldig is nie en dat mens nie ontdaan is van verantwoordelikheid nie; en derdens oor die betekenis van bevoorregting. Sy verstaan bevoorregting as problematiese gewoontes waarmee mens omgaan met die wêreld (soos "complacency", "entitlement", "arrogance") en wat normaliserend

is aangaande wat waardevol is en wat reg is. Sy merk op dat hierdie tipe van bevoorregting gewoontevormend is, en dat ons dikwels onbewus is daarvan totdat iemand dit aan ons uitwys. Bevoorregting kan eerder ook materiële status of dinge soos salaris, rykdom en eiendom insluit. Beide hierdie vorme van bevoorregting is gekoppel aan ’n groep, dit wat ons het, is bekom op ’n ongeregtige manier en is tekenend daarvan om aan die verkeerde kant van wat reg is, te wees (Vice, 2022:318). Vice (2022) argumenteer dat elke mens integriteit en self-respek nodig het om as ’n moreel aanvaarbare persoon beskou te word.

Integriteit beteken vir haar om vir iets te staan (Vice, 2022:319) en om op te tree teen dit wat verkeerd is. Selfrespek dui op die mate wat iets/ iemand erkenning geniet. In navolging van Kant word selfrespek ook met waardigheid gekoppel (Vice, 2022:319). Haar vraag is dan hoe bevoorregte, en spesifiek wit mense integriteit en selfrespek kan behou in ’n konteks van ongeregtigheid? Sy argumenteer dat wit mense ongemaklike waarhede “to heart” moet neem. Maar wat beteken dit “to take something to heart?” en is daar etiese beperkinge?

“Taking to heart” is wanneer iets persoonlike betekenis dra en as dit waarin mens glo, mens se waardes en konsepsie van die self kan verander. Om iets persoonlik te neem verg dat mens verantwoordelikheid neem vir dit waarin mens glo, vir dit wat gekritiseer word en vir die implikasies daarvan. “Taking privilege to heart” is ’n komplekse proses en die verskeie aspekte daarvan kom nie altyd bymekaar uit nie. Wat egter sentraal staan is dat ander mense se lewens ewe belangrik as ons s’n beskou moet word. “Taking privilege to heart requires fully appreciating the meanings of whiteness, how it is embedded in social structures in ways that are often invisible to those of us who are not white” (Vice, 2022:322).

Sodanige erkenning van witheid plaas witmense in die morele spasie van nie net om verkeerd te *doen* nie, maar ook om verkeerd te *wees*. “We are nothing but, or significantly but our skin colour in the eyes of many” (Vice, 2022:322). Dit is dus behoorlik om skaamte te ervaar (sien in hierdie verband Barnard-Naudé, 2024). Om onsself slegs deur die oë van ander te sien, lei tot die gevolg dat daar geen spasie is tussen ons witheid en onsself nie. Indien mens hierdie siening volg is dat ons wit is al wat saak maak, “our being collapses into our whiteness” wat kan lei tot die vernietiging van integriteit en selfrespek (Vice, 2022:322). Vice (2022) merk op dat in hierdie situasie ons onsself nie meer as morele gelykes kan beskou nie. Mens se morele posisie is onstabiel. Veral wanneer ons onsself in strukture bevind waarmee ons nie saamstem nie, terwyl ons daardeur bevoordeel word. Dit voel asof verantwoordelik uit ons hande geneem word. Die dialektiek tussen persoonlike bevoordeling en strukturele beperking lei tot ’n bevraagtekening van wie ons is.

Integriteit soos bo aangedui beteken dat ons opstaan teen dit wat verkeerd is. Wat behels dit om bevoorregting ter harte te neem? En hoe raak dit mens se selfrespek? Mens moet met mens se self kan saamleef. Selfhaat, skaamte en hopeloosheid is ’n ongemaklike posisie om in te wees. Mens kan hier Foucault (2007:121) se etiek van ongemak oproep, dat om eties te reageer gepaardgaan met ’n ongemak. Ook Adorno (2005) se woorde dat dit deel

van moraliteit is om ontuis te voel, "Wrong life cannot be lived rightly" is van toepassing. Vice (2022:324) voer egter aan dat 'n gesonde verhouding met die self 'n grens tussen persoonlike opvatting en die eksterne beeld van hoe ander ons sien vereis. Konstruktiewe gesprek, aldus Vice (2022), kan slegs plaasvind indien alle deelnemers hulself as gelykes beskou, wat onmoontlik is vir diegene wat geen selfrespek het nie. "Taking privilege to heart can equally lead to corrosive apathy, cynicism or self-contempt", wat dit moeilik maak om 'n selfvervullende lewe te lei. Belangriker egter is dat die afwesigheid van selfrespek dit onmoontlik kan maak om werklik by te dra  tot gesprekke en optrede om die samelewing te verander. Marais haal Audre Lorde aan: "I have no creative use for guilt, yours or my own. Guilt is only another way of avoiding informed action, of buying time out of the pressing need to make clear choices …" (99). Vice (2002:325) merk op dat sommige mense sal meen dat dit is hoe dit moet wees en dat die bevoorregtes gewoon moet leer om met hul "unliveable self" saam te leef. Sy opper strukturele bevoorregting wat selfs na ons beste pogings om onsself te verander voortduur.

Marais gaan om met skuld en skaamte wat spruit uit, onlosmaaklik deel is van wit bevoorregting. 'n Jong swart kollega met wie ek dikwels gesels oor hierdie kwessies merk tydens 'n gesprek op, "It is not white being that is the problem, but white presence".

> Is jy nog daar? (25)

Kan 'n eerlike omgaan met wit bevoorregting en 'n aanvaarding van die ongemak wat dit bring die manier hoe wit bevoorregtes, wit mense teenwoordig is verander? Ek het in my eie omgaan met transformasie al vele kere Drucilla Cornell (1993) se definisie van transformasie, wat dui nie net op die verandering van sisteme en strukture nie, maar ook van subjekte, die mense wat hulself bevind in die sisteme/ strukture, opgeroep. Wat Vice (2022) dalk insien is dat mense sal moet verander alvorens strukture verander, of selfs al verander die strukture nie. Hierdie verandering verg 'n selfrefleksie, 'n eerlike omgaan, maar as mens na Vice (2022) luister, tot so 'n mate dat daar nog steeds 'n sin van integriteit en selfrespek oorbly sodat mens nie onttrek van die publieke lewe nie, en kan deelneem aan gesprekke en optrede ten einde onreg uit te daag en te verander. Dit beteken nie dat "ek en jy nie bestaan nie" maar dat ons anders moet bestaan, of ten minste elke dag weer moet probeer om anders te bestaan. Marais onthou in "Cecil, kom in kom in" 'n interaksie wat hy met Cecil, 'n Afrikaanssprekende bruin man, gehad het in Duitsland in 1999 en Cecil se woorde aan hom (53):

> Jy weet mos –
>
> swart, wit en bruin kan mekaar nie vat nie.
>
> Ek en jy, ou Danie,
>
> Ek en jy bestaan nie

Hannah Arendt in haar aanvaardingstoespraak met die toekenning van die Lessingprys roep in haar verbeelding 'n vriendskap tussen 'n Duitser en 'n Jood op tydens die Nazi regime. Sy verduidelik dat genoemde twee nie na 'n eenvoudige gedeelde menslikheid sou kon verwys

het nie, maar dat hulle bewus van hulle konteks vir mekaar sou gesê het, "'n Duitser en 'n Jood, en vriende". Wild (2017:56) verduidelik: "It is a double 'and' that enables an 'unpremediated facing up to, and resisting of reality' in thought and writing, a doubled 'and' whose two sides cannot be united, but that rather live from and in the distinction".

Marais in sy bundel spreek iets van hierdie onmoontlikheid van 'n samekoms, dalk die onmoontlikheid van versoening aan, en wat dit sou kon behels om nie weg te skram van realiteit *terwyl* mens dit ook weerstaan nie. Die laaste word gaan aan Marais, en die frase uit die bundel wat myns insiens al die ander frases onderlê, "almal praat vertwyfeling vlot" (15):

> Mense sê 'dood'
>
> Soos 'God' en 'genade'
>
> 'in alle ewigheid' en 'amen'
>
> Asof hulle weet waarvan hulle praat
>
> Terwyl hulle eintlik net
>
> Koud' en 'warm'
>
> 'eina' en 'bang' waaragtig soos diere verstaan
>
> …
>
> Mense sê 'dood' en 'God' gelate
>
> Want almal praat vertwyfeling
>
> vlot.

STILET
Volume 37(1/2)
2025 ISSN: 1013-4573

## Bronnelys

Adorno, T. 2005. *Minima moralia. Reflections on a damaged life*. Translated by E.F.N. Jephcott. New York: Verso.

Barnard-Naudé, J. 2024. *Spectres of reparation in South Africa. Re-encountering the Truth and Reconciliation Commission*. Oxon: Routledge.

Berkowitz, R. & Storey, I. 2017. *Artifacts of thinking. Reading Hannah Arendt's Denktagenbuch*. New York: Fordham.

Clingman, S. 2020. The question of dwelling: South Africa and elsewhere. *English Studies in Africa*, 63(1):89-103.

Cornell, D. 1993. *Transformations*. New York: Routledge.

Foucault, M. 2007. *The Politics of Truth.* Los Angeles: Semiotext(e).

Hunter, S. & Van der Westhuizen, C., eds. 2022. *Routledge Handbook of Critical Studies in Whiteness Studies in Whiteness.* Oxon: Routledge.

Krog, A. 2009. *Begging to be black.* Cape Town: Random House.